

12 Junie 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 18

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Onsigbaar, maar werklik

**Met ons geloofsmikroskope – gebed, vertrou en hoop – sien ons God se werking waar dit vir die blote oog onsigbaar is.**

Vyf eeue voor Christus beweer die Griekse filosoof Demokritus dat alle konkrete dinge bestaan uit deeltjies wat te klein is om te sien. Hy noem dit atome, wat in Grieks beteken ondeelbaar.

Eeue later eers is bewys dat atome nie ondeelbaar is nie, en dat daar binne-in atome nog kleiner deeltjies is. 'n Hele nuwe veld van ondersoek het ontstaan, naamlik die veld van kwantumfisika. Die *Wie's wie?* op hierdie terrein roep name op soos Max Planck, Ernest Rutherford, Niels Bohr, Werner Heisenberg, Albert Einstein en Erwin Schrödinger. Dit is fassinerend om die geskiedenis van die navorsing oor subatomiese deeltjies te lees.

Een van die waarnemings van hierdie navorsing was dat deeltjies op die subatomiese vlak onvoorspelbaar optree. Op grond hiervan formuleer Heisenberg later die onsekerheidsbeginsel in kwantumfisika. Hiervolgens is dit onmoontlik om gelyktydig die momentum en die plek van 'n deeltjie presies te bepaal. Hoe akkurater die een gemeet word, hoe minder akkuraat kan die ander bepaal word. Dit het niks te doen met die meetproses nie, maar is 'n inherente kwaliteit van die partikels. Dit is ook hier waar die term *kwantumsprong* tuis behoort. Dit gebeur wanneer een van die elektrone in 'n atoom van energievlak verander en skielik van een wentelbaan na 'n ander spring. Die term verwys dus na 'n aksie wat vreemd is en onverwags plaasvind.



Hierdie ondersoekveld verskaf 'n uiters toepaslike analogie vir ons ervaring van die alledaagse lewe. Die lewe verloop eenvoudig nie met gladde oorgange soos die vloeiende aksie van 'n ysskaatser nie. Nee, die wendinge van die lewe is meestal hakkerig, vorentoe en agteruit, boontoe en af in die dieptes. Soos die kwantumsprong van elektrone is dit skielik, onvoorspelbaar wat rigting betref, dikwels met onaangename gevolge. Dit is 'n verandering in ons staat van energie, 'n nader- of wegbeweeg vanaf die sentrum. Dit roep intense emosies in ons na vore. Diepe, matelose hartseer wanneer ons siek word, geliefdes aan die dood afstaan of in depressie verval. Uitbundige blydschap wanneer ons 'n lewensmaat vind, as 'n baba gebore word of wanneer ons sukses behaal.

Dit is ook buite ons beheer. In ons worsteling om sin te maak van dit wat die lewe op ons brood smeer, kom ons agter dat alles nie gemeet kan word nie. Daar is 'n onsekerheidsbeginsel ingebou in die matrys van die lewe self. Ons plaas een deeltjie onder die mikroskoop van insig, maar dan is die res uit fokus. Soos by die partikels, is dit nie 'n waarnemingsprobleem nie, maar 'n eienskap van die materiaal van die lewe. Die lewe laat homself eenvoudig nie so dissekteer nie.

Dit is presies hier waar geloof ter sprake kom. Selfs daar waar ons nie kan meet nie, is dit in God se hand. Ons het geloofsmikroskope – gebed, vertrou en hoop. Daarmee sien ons God se werking waar dit vir die blote oog onsigbaar is. Die onbekende, onsigbare en onverwagte is nie iets om voor bang te wees nie. Dit is trouens die raakvlakke waar die hegting tussen ons werklikheid en God se werklikheid gedemonstreer word. Dit is die beginpunt van nuwe energie en moontlikheid. Dit kan op fisiese vlak gebeur, maar ook geestelik. Die krag van die blye boodskap van God se genade en liefde is die demonstrasie hiervan.

In hierdie kragveld van vertrou leef die kerk.

**Dr Piet van Staden**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) te plaas.

### Beroepe ontvang

- **Ds GFJ (Gert) Beukes** (emeritus) na Breyten (deeltyds)
- **Ds PJE (Piet) Botha** (emeritus) na Klerksdorp (deeltyds)

### Beroepe aanvaar

- **Ds SS (Sonia) van Wyk** (beroepafwagting) na Van Warmelo (deeltyds)
- **Ds D (Denise) Schmidt** (NG Kerk) na Klerksdorp-Suid (deeltyds)
- **Ds GFJ (Gert) Beukes** (emeritus) na Breyten (deeltyds)
- **Ds PJE (Piet) Botha** (emeritus) na Klerksdorp (deeltyds)

### Vakante standplaas

- **Gemeente Grimbeekpark** in Potchefstroom het 'n pos vir **deeltydse bediening met gedeeltelike versorging** geskep wat **op 'n kontrakbasis jaarliks** gevul kan word. Die werkopdrag en samestelling van die versorgingsvoordele sal met geskikte aansoekers bespreek word. Benewens blootstelling aan ampswerk in die breë, is die vestiging en uitbou van jeugbediening en die bediening aan jong gesinne die primêre bedoeling van die opdrag. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg asook om die pos te vul wanneer dit geleë is. In oorleg met die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) kan 'n student in sy of haar finale jaar ook oorweeg word. Aansoeke kan gerig word aan die voorsitter van die komitee verantwoordelik vir die beroepswerksaamhede, oudl Phonnies Smit, by [pbd.psmitt@offinet.co.za](mailto:pbd.psmitt@offinet.co.za). Aansoeke kan ingedien word **tot 18 Julie 2014**.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Die Sinodale Kerkkantoor ondervind sedert Vrydag 6 Junie ernstige netwerk- en e-posprobleme. Dit is dus moontlik dat sommige berigte ons nie bereik het nie. Indien u versoeke nie in hierdie uitgawe verskyn nie, moet u dit asseblief weer stuur. Jammer vir die ongerief!**
- In die oggendure van Sondag 1 Junie is **oudl Awie Celliers (72) en sy vrou Joey (74)** in hul huis in Hartswater aangeval. Oudl Awie is wreed vermoor en sy vrou het diep snye aan die nek en twee gekraakte nekwerwels opgedoen. Sy is in Kimberley in die hospitaal en het tans beperkte beweging in haar ledemate. Die voorval stuur steeds skokgolwe deur die hele Vaalharts-skema. Tans word slegs 'n handsak, twee selfone en identiteitsdokumente vermis.
- **Mev Naomi Labuschagne (78)** van Gemeente Pretoria het Vrydagmiddag 6 Junie 'n beroerte gehad en is die aand om 22:00 oorlede. Haar man, Chris, is in 2004 oorlede. Die begrafnisdiens is op Donderdag 12 Junie om 11:00 vanuit die NG gemeente Montana. Mev Labuschagne was 'n merkwaardige mens, wat tot die einde haar skoonsuster, Kaai (binnekort 66), wat Downsindroom het en die afgelope twee jaar drasties agteruitgaan, versorg het. Sy was ook soos 'n tweede moeder vir Tessa Oppermann van SENTIK. Ons innige meegevoel gaan aan haar naasbestandes.



Ds Gert Beukes

Ds Piet Botha



Ds Sonia van Wyk

Ds Denise Schmidt

**Lidmate en adverteerders moet asseblief vroegtydig kennis neem dat daar nie in die week van 30 Junie tot 4 Julie 'n uitgawe van die e-Hervormer sal wees nie.**



Mev Naomi (regs) en Kaai Labuschagne



- **Mnr Jannie van Niekerk**, skakelbordoperateur by die Sinodale Kerkkantoor, ondergaan op Donderdag 12 Junie 'n skouervervanging. Hy sal ses weke lank buite aksie wees. Ons bid hom sterkte en algehele herstel toe.
- **Prop Quinten Schimper** word op Sondag 15 Junie in die Piet Potgieter/Roedtan-kombinasie georden. Dit vind plaas in Gemeente Piet Potgieter. Oudl Fred Paynter sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.
- **Prop Fanie Willers** word op Sondag 6 Julie in Gemeente Grootvlei georden. Oudl Dave Lizamore sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.
- **Dr Setri Nyomi**, uittredende algemene sekretaris van die **Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK)**, het op Donderdag 5 Junie 'n besoek aan die vergadering van die Kommissie van die AKV gebring **om die Nederduitsch Hervormde Kerk amptelik terug te verwelkom as volle lid van die WGGK**. Die uitvoerende komitee van die WGGK het tydens sy vergadering op 16 Mei vanjaar eenparig besluit om die skorsing van die NHKA op te hef. Dr Nyomi het sy vreugde uitgespreek dat die NHKA na 30 jaar weer lid is en die hoop dat ons reis op die pad saam vorentoe die pyn van die verlede verreweg sal oortref. Die tema van die volgende algemene vergadering van die WGGK in 2017 is, aan die hand van Romeine 12: 2, *Lewende Heer, verander en vernuwe ons*. Die **MRCC** is tydens dieselfde vergadering ook toegelaat as lid. **Op die foto** is dr Nyomi saam met die voorsitter en skriba van die Kommissie van die AKV en twee senior verteenwoordigers van die Raad vir Ekumene.



Dr Setri Nyomi en predikante van die NHKA

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor **die Sondae en feesdae ná Sondag Trinitatis**: "Die 20 Sondae tussen 22 Junie en 2 Desember staan bekend as die Sondae ná Trinitatis. Hierdie Sondae word nie liturgies gespesifiseer nie. Kerke kan na goeie dinge temas identifiseer en daarop konsentreer. In ons eie Kerk is daar die mening dat daar op die uitbreiding van die kerk, die koninkryk en die skepping gefokus moet word. Daar is egter enkele besondere herdenkings wat op groter en ouer tradisies berus wat vermelding verdien. Op **Dinsdag 24 Junie** herdenk talle kerke die geboorte van Johannes die Doper (Luk 1). Die werk van Vader en Gees in en deur Jesus Christus kan nie afdoende sonder die werk en profesie van Johannes die Doper verstaan word nie. Ten spyte van die feit dat die liturgiese kleur vir die tydperk ná Trinitatis groen is, is die kleur van hierdie dag wit aangesien daar teruggegryp word op die geboorte van die Verlosser."

- **Dr Wouter van Wyk** van SENTIK is Saterdag 7 Junie vir die volgende jaar verkies tot voorsitter van die direksies van die Erfenisstigting en die Voortrekkermonument. **Dr Christo Pretorius** van Gemeente Pretoria is vir die volgende drie jaar as direkteur verkies. Daar is gereeld skakeling tussen hierdie organisasies en ons Kerkargief en SP Engelbrecht-museum.
- **Gemeente Worcester** benodig kerkbanke. Skakel asseblief met dr Piet van Staden by 083 414 0166 as u kan help.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Gee inligting oor gehoorapparate aan die bejaardes in jou gemeente en omgewing. Daar is vandag ook wonderlike hulpmiddels soos klankversterkers vir telefone beskikbaar. Reël 'n byeenkoms waar persone met gehoorprobleme oor hulpmiddels ingelig word. Verskaffers van gehoorapparate en oudioloë is gewoonlik bereid om praatjies te lewer. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **PROJEK 21.** In hierdie laaste week van *Tooi Turkoois vir Bejaardes* nooi Projek 21 jou om tot 15 Junie 'n turkoois strikkie of 'n turkooiskleurige kledingstuk te dra, 'n turkoois lap by jou voorhek of in jou motor se agterruit te hang, en te doen wat





jy kan om mense bewus te maak van ons bejaardes se nood en behoeftes. Voeg asseblief **op 15 Junie** 'n pers strikkie of lint by die turkoois as teken van jou afkeer van die mishandeling van en wreedheid teenoor bejaardes. Vir meer inligting oor die projek, kyk by [www.goturquoise.co.za](http://www.goturquoise.co.za).

#### • **47STE NASIONALE NHSV KONGRES**

Alice (in Wonderland) het in die konyngat afgeval, daar sien sy toe allerhande snaakserder en snaakserder dinge:

- o Ou wekkers wat nie meer werk nie...
- o Boeke wat opgelees is...
- o Groot en klein glasbottels...
- o Glase...
- o Koppies en pierings vir die teepartytjie...
- o Gehekelde tafeldoeke en lappies...
- o Mooiste en vreemdste hoede...

Die Mal Hoedeman en die Cheshirekat het Alice gehelp om alles bymekaar te maak en dit te vat na die verspotste teepartytjie ooit – dit sal dalk vir jou makliker wees om dit sommer by Gemeente Wonderboom af te laai. Vir aanwysings en meer duidelikheid skakel vir Thea van Rooyen, 073 723 9883.

### **Spesiale eredienste en feesnaweke**

#### • **19-22 Junie: 60-jaar-viering: Gemeente Tzaneen**

*Donderdag 19 Junie:* Silwer- en notelegging ten bate van Bybelgenootskap van Suid-Afrika en verspreiding van Bybels  
Kom kyk na grootste Bybelversameling in private besit – in kerksaal in Agathastraat

Donasie vir Bybelverspreiding sal welkom wees

18:00: Tee en koffie en koek, en liggiestap deur die dorp

*Vrydag 20 Junie om 18.30:* Dewald Waterfall by The Manor Pub & Grill  
hv R71(Phalaborwa) en die Lushofpad

Opelugkonsert, piekniekmandjies kan vooraf bestel word, geen eie drank of koeldrank nie

Kaartjies by gemeentekantoor, Thomas en Swanepoel Prokureurs, Tzaneen-, Tzaneng- en Van Heerden-apteke

*Sondag 22 Junie om 09:00:* Dankdiens by die Eiland-vakansieoord  
Gemeente- en gesinsdag daarna

Navrae aan gemeentekantoor by 015 307 4508 (08:00-13:00)  
of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

#### • **Sondag 29 Junie om 10:00: Gemeente Weltevreden**

##### **Emeritaataanvaarding van ds Elsie Pretorius**

Dr Wouter van Wyk sal akte van emeritaat oorhandig en 'n groetboodskap namens die Kommissie van die AKV oordra

### **Predikanteverjaardae**

#### • **Die volgende predikante verjaar tot 20 Junie, en word hartlik geluk gewens:**

- |                       |   |
|-----------------------|---|
| o Donderdag 12 Junie: | Ds NCJ (Nico) Brayshaw (Heilbron/emeritus)                                    |
| o Vrydag 13 Junie:    | Prof MJ du P (Bieks) Beukes (Durban-Suid/emeritus)                            |
| o Saterdag 14 Junie:  | Ds GFJ (Gert) Beukes (emeritus)   |
| o Sondag 15 Junie:    | Dr RA (Rudy) Denton (Potchefstroom-Studente)                                  |
| o Maandag 16 Junie:   | Dr JHL (Jan) Truter (Letsitele)   |
| o Woensdag 18 Junie:  | Prof EC (Elsabé) Kloppers (Kerkmusiek) en ds DJR (Danie) Malan (Johannesburg) |
| o Donderdag 19 Junie: | Ds W (Willem) de V Sauer (Groot Marico)                                       |
| o Vrydag 20 Junie:    | Dr A (Annelie) Botha (Mafeking)   |



## 'n Gedig vir Pinkster

### Alomteenwoordigheid

*hy weet nie van afsondering nie sit nie  
skilderagtig geraam in 'n hemel nie hy is oral  
hy loer ouder gewoonte in by 'n stal  
is geen haarbreedte van dié wat bid nie*

*by die roepende padda in die kuil  
is hy by die stil visse in die poel  
by die kind wat in sy oë seer voel  
en die bruidjie wat plaasver in haar eie arms huil*

TT Cloete  
(Uit: *Allotroop* 1985)

### Beplande vergaderings

- o Donderdag 12 Junie: Raad van Finansies
- o Dinsdag 17 Junie: OSR Operasionele Komitee
- o Donderdag 19 Junie: OSR Werkwinkel  
TOIBO
- o Vrydag 20 Junie: OSR Finkom
- o Saterdag 21 Junie: NHSV Dagbestuur

### Allegaatjie

*Toe ek 14 was, was my pa so dom dat ek my vir hom geskaam het en skaars kon uithou om in sy geselskap te wees. Maar toe ek 21 word, was ek verstom om te sien hoeveel hy in sewe jaar bygeleer het. (Mark Twain 1835-1910)*

\*\*\* Gelukkige Vadersdag op 15 Junie aan al ons vaders!

### Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**  
Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)  
012 325 1857 x202 / [www.otmt.org](http://www.otmt.org)
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**  
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad  
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301  
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

### Konserte en feeste

- **Vrydag 4 Julie om 19:00**  
**Koos van der Merwe sing Leonard Cohen in Afrikaans**  
Ten bate van Machteld Postmus-kompleks vir Bejaardes  
Brooklyn-teater, Greenlyn Village-sentrum, Thomas Edisonstraat, Menlopark  
Kaartjies R100  
Beskikbaar by die bestuurder, Jo-Mari Haarhoff, tel 012 346 2418  
Ondersteun ons asseblief!

### Kampe en toere

- **Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**  
15 dae op die voetspore van die eerste Christene

Toerleier: Ds Dries Beukes

012 654 3198 / 083 447 7943

Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)

012 361 0579 / 082 560 4279 / [louise.geyser@absamail.co.za](mailto:louise.geyser@absamail.co.za)

Gaan na [www.konteks.co.za](http://www.konteks.co.za) → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

## Kompetisies en fondsinsamelings

- Gemeente Witfield: Fondsinsameling**  
 18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate  
 Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre  
 Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017  
 of Alida Reed by 082 228 3552  
 of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30  
 by 011 826 4625
- Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**  
**15-19 September 2014**  
 Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders  
 Slegs R50  
 As jy kan doen met 'n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

*Vakansie-akkommodasie*  
*Amanzimtoti-hoofstrand*

Bekostigbare, luukse vakansiewoonstel direk op Amanzimtoti-hoofstrand  
 Uiters billike buiteseisoentariere, veilige parking, braaigeriewe  
 Swembad op perseel, alle DSTV-kanale  
 2 slaapkamers slaap 6 mense  
 Loopafstand vanaf winkelsentrum  
 Kontak Corrie by 072 209 8809 / [corriestrydom1@hotmail.com](mailto:corriestrydom1@hotmail.com)  
 Kantoorure 014 736 5149

## Basaars en markte

- Saterdag 28 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**  
 Modeparade met ons eie modelle en gasmodelle  
 Kom neem deel – kontak Michelle Barnard by 072 034 20247  
 Kom geniet plaaslike kunstenaar Tertia van Biljon (gratis optrede)  
 Hoëgehalteveleis teen billike pryse, heerlike eetgoed  
 Speletjies, springkasteel, snoepie en koffiekroeg  
 Baie pryse om te wen  
 Skakel Jan by 083 468 6700 / Louis by 081 744 7893

## ANDER NUUS

- Orrelis Martin Mans in konsert: Donderdag 12 Junie vanaf 19:00**  
 NG Kerk Overkruin, Kameeldoringlaan 65, Wonderboom  
 R100 per persoon, kaartjies by deure beskikbaar  
 Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954
- KANKERBEWUSTHEID**  
*Helping SA* samel geld in vir kinders met kanker in staatshospitale  
 Vir slaapklere, speelgoed, vervoer, ensovoorts

Skenk R100 en ontvang 'n brosjure oor kanker, 'n handgemaakte strikkie en 'n belastingsertifikaat

Pers (algemeen); goud (kanker by kinders); pienk (borskanker); blou (prostaat-kanker); groen (leukemie en nierkanker); rooi (bloedkanker); wit (longkanker); en silwer (hoop)

Gaan na [www.helping-sa.co.za](http://www.helping-sa.co.za) vir meer inligting

Navrae aan Leonie Botha by 081 703 6774

## Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie wees nie. Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

## AGTERBLAD

### Gebed vir die week

Ek is net 'n vonkie lig, maak my 'n vuur, Here!  
Ek is net 'n snaar, maak my 'n ramkie.  
Ek is net 'n druppel, Here, maak my 'n fontein.  
Ek is net 'n molshoop, maak my 'n berg.  
Ek is net 'n veertjie, maak my 'n vlerk.  
Ek is net 'n bedelaar, Here,  
U maak my 'n Koning se kind!  
(Gebed uit Nigerië)



Thinus van Staden